Greytown Kinderhuis
Vreugde oor Gebedsverhoring

En steeds kan ons net getuig van die goeie dinge wat by Greytown Kinderhuis gebeur!



Ons het ‘n lang gekoesterde ideaal gehad om vir ons kinders ‘n groot onderdakruimte op te rig, maar daar was net nooit fondse vir dié projek nie. Hierdie ideaal was dus net ‘n ideaal tot enkele weke gelede.

‘n Bejaarde inwoner van Greytown het by ons aangekom net om te kyk wat hier vir ons kinders gedoen word. Hy is ‘n 84 jarige wewenaar wat graag ‘n belegging wou doen om ‘n werklike verskil in die lewens van kinders te maak. Nadat ons hom op die terrein rondgewys het, het hy homself bereid verklaar om ‘n belegging van tussen R200 000 tot R300 000 te doen en moes ons vir hom voorstelle voorlê vir oorweging. Die gedagte van ‘n onderdak ontspanningsruimte was vir hom aanvaarbaar en voor ons ons kon kry was daar R300 000 in ons rekening inbetaal. Werk aan die ruimte van 20m x 12m (240 m^2) het reeds begin en behalwe vir die struktuur sal ons ook bankies-en-tafeleenhede vir 156 kinders uit die fondse kan bekostig. Die donateur is ook bereid om die koste vir beligting en oprolseile vir die openinge te dra.

Wees asseblief saam met ons bly vir hierdie ruimte wat nou vir ons kinders skadu in die somer, beskerming in die reën en ‘n geslote ruimte in die winter sal voorsien!

Die les uit hierdie gebeure is dat ons nooit moet ophou glo nie. Ons Hemelse Vader wil ons die goeie laat ervaar ons moet dit net in geloof vra. Die Here Jesus het self vir Sy dissipels gesê om net geloof so groot soos ‘n mostertsaadjie te hê en dan sal hulle ongelooflike wonders laat gebeur. Dit gaan dus nie om groot geloof te openbaar nie, maar om geloof te hê in ons groot God. Hierdie droom wat bewaarheid word laat ons net besef dat ons nie God se Almag kan beperk nie en dat Hy soms op die mees onwaarskynlike wyses groot en klein wonders in en rondom ons laat gebeur.



<u>Wat ons bus- en klereprojek betref net die volgende:-</u>

Busprojek -

Van die R70 000 wat ons gekort het, het ons reeds R42 760 deur vrywillige donasies ingekry! Ons kort nog net R27 240 en dan kan het ons al die fondse vir die nuwe bus. Die bouproses vorder fluks en die bus sal oor ongeveer ‘n maand afgelewer word.

Klereprojek -
Ons het onlangs vir die 15 gemeentes wat by ons ingeskakel is gevra vir of wintersklere of kontant om klere te koop. Baie dankie vir die baie positiewe reaksie op ons nood. Ons het reeds R10 350 in kontant en heelwat klere ontvang!

Bankbesonderhede:-
Rekeningnaam: ***Greytown Kinderhuis***
Bank: ***ABSA Greytown***
Bankkode: ***33-41-31***
Rekeningnommer: ***1910-1435-96***

Groete,

Bert Nel
Fondsinsamelaar, Skakelbeampte en Funksie Koördineerder
Fundraiser, Public Relations Officer and Events Coordinator